SURICATA

AMPTELIKE NUUSBRIEF VAN HOËRSKOOL MONTANA

Tel: (023) 347-0476
Faks: 086 464 6983
E-pos: hoof@monties.co.za
Webtuiste: www.monties.co.za
Facebook: Montie Montana

NUUSBRIEF 2 VAN 2020

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

MEELEWING: Ons innige simpatie met die volgende leerders en hulle gesinne wat geliefdes aan die dood afgestaan het: Jaydon Soldaat, Dylan en Caitlin Minnaar se oupa, Amoré Titus se ouma, Marli Serfontein se ouma, Conrad de Beer se ouma asook Cate-Lynn Smith se ouma. Mag die Here julle self vertroos in hierdie moeilike tyd.

WELKOM: Baie welkom aan mnr Hanrius le Roux wat by ons aangesluit het om sy internskap as onderwyser te doen.

WAARDES DRA BY TOT KARAKTERVORMING *(HERHALING)*

" 'n Ouer se verantwoordelikheid is nie om sy kinders gelukkig te laat voel nie, maar om hul karakters te ontwikkel." (Dr. Haim Ginott)

Kinders se waardes word deur hul ouers se waardes, hul vriende, musiek, die media, hul geloof, onderwysers en hul rolmodelle bepaal. Maar hul ouers se waardes en leefwyse het meestal die grootste impak hierop. Met die al groter afwesigheid van die ouer besef ons dat die skool hierdie rol sal moet aanvul.

Waardes bepaal in 'n groot mate hoe 'n mens na die wêreld kyk, jou karakter, geloof, optrede en leefwyse. Wat jou motiveer om sekere dinge te doen, of nie te doen nie, word bepaal deur die waarde wat jy daaraan heg. Waardes bepaal jou koers en keuses, want dis groter as 'n situasie, modegier of versoeking. Dit gee ons 'n verbintenis met ons Hemelse Vader. Sonder die vastigheid van waardes word jou optrede bepaal deur jou giere, grille en onmiddellike behoeftes en is maar inkonsekwent en feilbaar.

Om vir kinders waardes te leer, vra van ouers om duidelikheid oor hul eie waardes en optrede te kry. **Ouers moet weet wat die verskil tussen waardes en wette of reëls is: Hoewel daar duidelike ooreenkomste is, is daar ook belangrike verskille.**

Kinders rebelleer selde teen waardes, maar meestal teen reëls. Dit is belangrik dat sterk waardes en geloof reeds vroeg aangeleer moet word. Dit is krities belangrik wanneer moeilike besluite, veral onder groepsdruk, geneem moet word. Dan het kinders die selfvertroue om op te tree volgens hul waardes, geloof en gewete en nie volgens wat maar die maklikste is nie, want hulle weet wie hulle is, waarin hulle glo en wat die regte, gepaste of goeie manier van doen is.

Waardes word gewoonlik binne 'n vertrouensverhouding aangeleer. Kinders het oor die algemeen genoeg maats – hulle het nie hul ouers as maats nodig nie. Wat hulle nodig het, is rolmodelle wat hulle kan volg. Wat dit moeilik maak, is as kinders nie soos hul ouers wil wees of lewe nie, want dan verwerp hulle dikwels ook hul waardes. Daarom moet ouers ook hul kinders leer: "**Mense stel jou teleur, maar Jesus stel nooit teleur nie. Hom kan jy altyd volg**."

Hoe leer ons die kinders waardes? Die lewe gee ouers voortdurend, elke dag en op enige plek, die geleentheid om hul kinders waardes deur voorbeeld te leer:

1. Gooi jy papiere by die motorvenster uit? Praat jy met respek van mense of noem jy hulle "morone"? Hou jy by jou beloftes ongeag die omstandighede? Wat jy as ouer **doen**, maak werklik die groot verskil.
2. Praat met hulle daaroor in jul daaglikse interaksie: Respek vir volwassenes deur op te staan en te groet. Respek vir mekaar, vir verskillende geslagte, vir verskillende kultuurgroepe, vir mekaar se menings, ens.
3. Wys jou kinders waarna julle streef, wat jul doel en waardes is, al kry julle dit nie altyd reg nie. So leer kinders wat reg is, al doen julle dit nie perfek nie. Kinders kan aanvoel en verstaan wat ons bedoelings was.
4. Kinders sien en belewe goed waaroor ons en hul ouers nie beheer het nie: geweld, onreg en seerkry. Dit kan ons nie keer nie, maar ons kan wel beïnvloed wat hulle daarmee maak en hoe hulle daaroor dink. Maar dan moet ons 'n verhouding met hulle hê sodat hulle hul ervarings met ons sal deel. Dan kan ons hulle leer dat ander se optrede baie dikwels iets sê oor hul emosionele toestand en waardes, eerder as wat dit iets sê oor my. As iemand met my ongeskik is, gaan dit dikwels nie oor wie ek is of wat ek gedoen het nie, maar eerder oor die ander mens se onvermoë om die situasie te hanteer - hul frustrasie of waardes.

5. Vestig vroeg goeie gewoontes en hanteer probleme voor dit ’n gewoonte word. Koppel dit aan die outoriteit van die ouer en onderwyser deur te verwys na wat ons van hulle verwag. Die bron van beheer lê dus buite homself. Sy morele ontwikkeling raak eers volwasse as dit outonoom raak, as sy beheer kom van ’n innerlike oortuiging van wat reg en verkeerd is. Die ouer en onderwyser moet geleidelik wegbeweeg van die outoriteitsposisie na ’n samewerker en fasiliteerder sodat die kind vanuit innerlike oortuigings self die morele besluite kan neem. Ons verwys gereeld na selfdissipline en wat daarmee gepaard gaan.

Volgens Kohlberg, ghoeroe van morele ontwikkeling, se morele ontwikkelingsteorie doen kinders aanvanklik die regte ding, hou by die reëls slegs uit vrees vir straf. Die volgende fase is die verstaan dat dit vir hulle positiewe gevolge inhou. Eers daarna verstaan hulle die konsep van sosiale reëls: om goed te wees vir ander omdat dit ’n waarde of ’n goeie ding is om te doen. Dan ontwikkel waardes soos vertroue en lojaliteit.

Om in kinders se waardes te belê, met jou liefde, energie en tyd, betaal op die lang duur: Kinders met gesonde, konsekwente waardes is gewoonlik gelukkiger, kan hulself met grasie handhaaf en gesonde morele besluite neem. En hulle presteer gewoonlik goed. Ouers kan nie bepaal wat hul kinders dink of voel nie, maar hulle kan hul dinge gee om oor te dink, ’n rigting en voorbeeld om te volg. Daarom is dit seker een van die wonderlikste gawes wat ouers hul kinders kan gee - deurleefde waardes om hulle te help om in ’n dikwels korrupte wêreld met grasie te leef en aan te pas deur die regte keuses te maak. (*Uittreksel uit Rooi Rose van 11 Januarie 2010)*

LEERDERAFWESIGHEDE

Elke leerder het met die aanvang van die kwartaal ‘n assesseringsprogram ontvang. Soos tydens die oueraand met u gekommunikeer, is dit die ouers se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle kind/ers elke dag by die skool moet wees. U moet asseblief kennis neem dat leerders wat toetse en take as gevolg van gedeeltelike afwesigheid of afwesigheid sonder ‘n geldige doktersbrief misloop, nul vir die betrokke vraestel of taak sal ontvang.

VERDAGING NA AFLOOP VAN AKTIWITEITE

Volgens ‘n Beheerliggaamvergadering gehou op 13 Februarie 2020 is besluit dat personeel slegs 30min na afloop van enige skoolaktiwiteit sal wag vir ouers om hul kinders te kom haal. Dit is dus die ouers se verantwoordelikheid om leerders betyds te kom haal.

MENEER EN MEJUFFROU MONTANA

Woensdagaand was weer eens een van die hoogtepunte op Hoërskool Montana se kalender. Dit was ‘n glansgeleentheid wat met die bestes vergelyk kan word. Die pittigheid van die seremoniemeesters het bygedra tot ‘n ontspanne atmosfeer. Die dansers, sangers en finaliste het hulle puik van hulle taak gekwyt. Die volgende leerders is as wenners aangewys:

2de Prinses: Juany Feast
1ste Prinses: Anjé Viljoen
Mej Montana: Candez Meyer

2de Prins: Jan-Hendrik Wandrag
1ste Prins: Daniël du Toit
Mnr Montana: Myron Seconds

ONDERWATERHOKKIE

Baie geluk aan Gerin en Kayden Schroeder wat in die Bolandspan ingesluit is wat hierdie naweek aan die SA Onderwaterhokkie-kampioenskappe deelneem.

FIETSRY

Baie geluk aan Jason de la Harpe en Keegan Richards wat deelgeneem het aan die Nissan Trailseeker MTB wedren. Jason behaal ‘n algehele 14de plek en Keegan ‘n algehele 17de plek. Keegan was ook 1ste in sy ouderdomsgroep op die dag.

KRIEKET

Mekyla Scholtz is opgeneem in die Boland Dogterskrieketspan. Baie geluk Mekyla, ons is voorwaar trots op jou.

PERDRY

Baie geluk aan Mia Lombard met haar mooi prestasie tydens die 1ste rondte van SANESA perdry. Mia neem deel aan 8 items en behaal drie 1ste plekke, ‘n 2de plek en ‘n 3de plek. Ons is baie trots op jou Mia.

GHOLFDAG

Baie dankie aan elke borg, donateur en speler vir u getroue ondersteuning tydens ons gholfdag op 7 Februarie 2020. Danksy u bydrae was ons gholfdag weer eens ‘n groot sukses. Baie dankie aan die OOV wat ‘n watergat beman het en vir die voorbereiding van die saal gesorg het.

ATLETIEK

Die kleureatletiek is afgehandel met die Geelspan wat as die algehele wenners aangekondig is. Die ouerbetrokkenheid op verskeie terreine was uitstaande. Baie dankie aan elkeen wat betrokke was. Geluk ook aan die volgende atlete wat baie goeie prestasies behaal het:

Junior Victrix Ludorum: Engela Hoffman
Junior Victor Ludorum: O'Niel Feast

Senior Victrix Ludorum: Lizelle Opperman
Senior Victor Ludorum: Mark-Anthony Phillipus

SWEM

Die jaarlikse swemgala was 'n groot sukses. Baie geluk aan die volgende leerders:

Junior Victrix Ludorum: Zandri van Aswegen
Junior Victor Ludorum: Luke van der Merwe

Senior Victrix Ludorum: Jenay Venter
Senior Victor Ludorum: Juhandré Millen

OPEDAG

Baie dankie aan elke ouer en persoon wat by 'n baie suksesvolle opdedag betrokke was. By Hoërskool Montana is elke dag eintlik 'n opedag. Dit was egter baie lekker om meer as 200 laerskoolleerders te ontvang en die skool aan hulle bekend te stel. Dra asseblief ons dank oor aan elke laerskoolleerder wat by die opdag was en aan u bekend is. Ons het groot waardering dat hulle moeite gedoen het om dit by te woon.
Baie dankie aan mnr Konrad Opperman van Alpha Civil wat vir ons kragopwekkers op bystand gehad het, sou daar 'n kragonderbreking wees.

SOSIALE MEDIA

Daar word gereeld insidente oor die gebruik van sosiale media by die skool aangemeld. Dit strek vanaf afbrekende boodskappe tot naakfoto's en pornografie. Hierdie is 'n terrein waar ons as rolspelers in die opvoeding van die kinders moet hande vat. Ons het al aan die leerders genoem dat dit soos vere is wat uit 'n verekussing geskud word. Dit is onmoontlik om al die vere weer terug te sit in die kussing ...

Daar is uiteenlopende menings oor die misbruik van sosiale media en die negatiewe invloed wat dit op jongmense kan hê. Die volgende raad vir ouers en skole het onlangs in die Sunday Times verskyn:

Wat ouers kan doen…

- *Wag so lank as moontlik voor u toestem om aan u kind 'n slimfoon te gee met internetverbinding. Vroeë laerskooltyd is hopeloos te vroeg;*
- *Persoonlike rekenaars met internetverbinding moet in die huis se gedeelde spasies (bv. kombuis / woonkamer) opgestel wees. Verkieslik in oop areas waar ander familielede gereeld verbystap;*
- *Gebruik filters en monitors soos **ShieldMyTeen**, **Net Nanny** en **K9** wat die meeste pornografie en geweld blokkeer;*
- *Praat met u kind oor sexting, kuberbullebakkery en veiligheid op sosiale media;*
- *Inspekteer u kind se selfoon in sy/haar teenwoordigheid. As u die reg het om sy/haar vriende in lewende lywe te ontmoet, het u ook die reg om sy/haar aanlynvriende te leer ken om vas te stel of hulle is wie hulle sê hulle is;*
- *Dring aan op u kinders se wagwoorde. Indien die wagwoorde verander word, moet u daarvan weet;*
- *Hou gereeld openlike gesprekke met u kinders oor die gevare van sosiale media;*

Wees baie versigtig met u eie gebruik van sosiale media. U voorbeeld is veel meer werd as reëls.

DAGBOEK: 28 FEBRUARIE – 14 MAART 2020

28 Feb: **Dag 1**
2 Mrt: **Dag 2**
3 Mrt: **Dag 3**
Krieket: Dogters vs HUB (tuis)
4 Mrt: **Dag 4**
Toetsreeks begin: Toets 1
5 Mrt: **Dag 5**
Toets 2
Krieket: o.15 vs HUB (tuis)
6 Mrt: **Dag 6**
Toets 3
Tennis
VRL: Wêreldbiddag vir vroue

9 Mrt: **Dag 1**
Toets 4
10 Mrt: **Dag 2**
Toets 5
11 Mrt: **Dag 3**
Toets 6
12 Mrt: **Dag 4**
Toets 7
13 Mrt: **Dag 5**
Toets 8
Worcester-Oos Beesloop
14 Mrt: **Fietsry:** WC XCO #2
Sportdag: Rugby, netbal & hokkie by Hoërskool Brackenfell (weg)
Worcester-Oos Beesloop

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

TEMA VIR 2020: EENHEID KWEEK SUKSES

"My doelwit is nie om beter as enige iemand anders te wees nie, maar om beter te wees as wat ek die vorig keer of dag was."
Dr Wayne Dyer

Geniet die naweek

DJ DIEDERICKS
SKOOLHOOF